**11 Desember**
**Skrifgedeelte: Psalm 23 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 23:1; Psalm 42:1**

## Die Here is my Herder

"Die Here is my Herder." Dawid was self 'n herder wat sy skape teen gevare beskerm het en gesorg het dat hulle weiding en water het. Die herder van ouds het vooruit geloop en die skape het hom dan gevolg. Hy maak die pad vir hulle veilig deur afgronde te vermy, roofdiere te verjaag en te sorg dat hulle nie verdwaal nie. Hulle het hom vertrou en was veilig by hom solank hulle hom gevolg het.

In Johannes10 gaan hierdie beeld in vervulling as Jesus Christus self sê dat Hy die Goeie Herder is. Hy het sy lewe afgelê vir sy skape. Daarmee het Hy vir ons sondes betaal. Hy het ook ons grootste vyand, die dood, verslaan, want Hy het uit die dood opgestaan.

Boonop het Hy ons nie as skape sonder 'n herder agtergelaat nie, maar aan ons die Heilige Gees gegee. Dit is die Gees wat ons met geloofsvertroue vervul, wat ons van ons kindskap verseker en teen ons vyande bewaar. Hy lei ons om op die pad van die Here te wandel en te leef tot eer van sy Naam. Hy het deur die dood en die graf heen vir ons die pad van die lewe beveilig. Dit is die pad wat na die hemel lei; daarom luister ons na sy stem en sy Woord, gehoorsaam ons sy bevele en volg ons Hom waarheen Hy lei.

Skape wat van Hom af wegdwaal, loop oop oë die gevaar in: wilde diere, afgronde, honger, dors, verlatenheid en die moontlikheid om verlore te raak en te verdwaal. Die stemme van die wêreld roep ons hard en dringend weg na ander, verkeerde paaie, maar vir ons is daar net één stem, één Herder, één pad, één Woord. Hy is my Herder.

*Sing: Psalm 23:1 Ds JD Venter (Vryburg)*